**Sondag 28 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 16**
**Fokusgedeelte: Psalm 16:2**

## Ek behoort aan die Here

In die Hebreeus word in die fokusvers die woorde *Jahwe* (HERE) en *Adonai* (Here) gebruik. Letterlik staan daar: *Ek het vir Jahwe gesê: U is my Adonai*. *Adonai* beteken *eienaar*. Ek is eiendom van die HERE, ek behoort aan Hom. Wat 'n besondere belydenis van Dawid.

Om eiendom te verkry, moet jy dit koop. Om die HERE se eiendom te wees, beteken dat Hy ons gekoop het. Daar is 'n prys betaal sodat ons sy eiendom kan wees. Jesus Christus het die volle prys betaal sodat ons eiendom van die HERE kan wees. As gevolg van die sonde was ons die eiendom van Satan, ons was onder sy heerskappy, ons het gedoen net wat hy aan ons voorgeskryf het. Nou is ons egter losgekoop en onder die heerskappy van die Heilige Gees geplaas, sodat ons deur die Heilige Gees beheers word. Ons doodsvyande, naamlik ons sondige vlees, die wêreld en Satan kan nie meer oor ons heerskappy voer nie, al sou ons daagliks in 'n hewige stryd met hulle verkeer.

Hier het 'n magtige regeringsverandering plaasgevind. U is my Here, my Eienaar – dit is vir ons 'n troos en bemoediging, dit is genade op genade.

Die Heidelbergse Kategismus gaan in Vraag 1 nog verder as die vraag gestel word: Wat is jou enigste troos in lewe en sterwe? Die enigste troos is dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan Jesus Christus behoort.

- My enigste troos is dat my *liggaam* aan die HERE behoort, selfs in tye van siekte en beproewinge, dit is syne.
- My enigste troos is dat my *siel* aan die HERE behoort, ek kan voluit in Hom glo en op Hom vertrou.
- My enigste troos is dat ek in hierdie *lewe* aan Hom behoort, geen haar sal van my hoof val sonder sy wil nie.
- My enigste troos is dat ek in *sterwe* aan die HERE behoort, die dood het geen houvas nie, dit is slegs 'n deurgang na die ewige lewe.

My enigste troos – Ek behoort aan die HERE, al die goeie dinge wat ek het, kom net van U af.

*Sing: Psalm 16:1 (1936)*

*Ds. PA (Peet) Coetzee (Potchefstroom)*